24939/2009

**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**

**(WES-KAAP HOË HOF, KAAPSTAD)**

SAAKNOMMER: 24939/2009

DATUM: 10 JUNIE 2010

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| **SWD RUGBYVOETBAL EN EEN ANDER** | Applikante |
| en | |
| **HENNIE BAARTMAN** | 1ste Respondent |
| **JOHN BRUINERS** | 2de Respondent |
| **VIRGIO BRAAFF** | 3de Respondent |

---

# UITSPRAAK

**(Aansoek vir verlof om te appelleer)**

**LE GRANGE, R**:

Hierdie is 'n aansoek om verlof om te appelleer na die Hoogste Hof van Appèl teen my uitspraak soos gelewer op 12 April 2010. Na aanhoor van die advokate vir die partye, en met deurlees van die stukke in hierdie aangeleentheid, is ek nie oortuig dat daar 'n redelike vooruitsig van sukses op appèl staan en of dat 'n ander hof tot 'n ander bevinding sal kom

rakende die gronde van appèl waarop die applikant steun in hierdie aansoek nie. Dit volg dat die aansoek om verlof om te appelleer nie kan slaag nie. In die gevolg word die volgende bevel gemaak. Die aansoek om verlof om te appelleer word van die hand gewys met kostes.

LE GRANGE, R